Kom laat ons saam bid...

Junie 2021

GEBEDSDAGBOEK - NGK KUILSRIVIER DE EIKE

Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag	Saterdag	Sondag
	1	2	3	4	5	6-BIDDAG VIR DIE EKOLOGIE
Dis Jeugdag en Vadersdag hierdie maand en daarom fokus die gebeds voorstelle meer spesifiek hierop	Bid vandag vir ons kinders en die internet versoekings wat hulle die hoof moet bied	Bid vandag vir vaders wat hulle plekke in hulle gesinne volstaan	Bid vandag dat ons kinders sal opgroei met respek vir mense en integriteit	Bid vandag vir vergifnis in gebroke verhoudings	Bid vandag vir almal wat werk met kinders wat aan trauma blootgestel is	Bid vandag dat vaders die middelle sal kan bekom om te voorsien in hulle gesinne se behoeftes
7	8	9	10	11	12	13-BIDDAG VIR JEUG EN KATEGESE
Bid vandag vir alle kinders met spesiale behoeftes	Bid vandag vir die verhoudings tussen vaders en seuns	Bid vandag vir kinders reg oor die wereld wat honger moet gaan slaap	Bid vir die onderwysers wat ons kinders daagliks moet onderrig	Bid dat vaders weer opnuut sal begin leef soos manne van God	Bid vir die talle babas wat gebore word met "foetal alcohol syndrome"	Bid vir vaders wat sal aanhou bid vir hulle kinders
14	15	16-**JEUGDAG**	17	18	19	20-NASIONALE DAG VIR BLINDES **VADERSDAG**
Bid vir gesonde gesinsverhoudings	Bid vir kinders wat hulle vaders en moeders sal eer	Bid vir vaders wat weer die priesters van hulle gesinne sal wees	Bid vandag spesifiek vir die sondagskool onderwysers	Bid vandag vir alle oumas en oupas	Bid vir die vestiging van morele waardes binne ons gesinne en samelewing	Sê vandag vir God spesiaal dankie vir jou pa en dra alle vaders op aan Jesus
21	22	23	24	25	26	27
Bid vandag vir die duisende ouers wat alleen is en vervreem is van hulle kinders	Bid vandag dat kinders sal onthou om hulle vaders en moeders te eer	Bid vandag spesifiek vir die verhoudings tussen skoonouers en skoonkinders	Bid vir alle kinders wat siek is in hospitale	Bid vir die bewaring van ouers wat lang tye van hulle families geskei word weens werksverpligtinge	Bid vandag vir families wat weer saam vir God aanbid en saam bid	Bid vir alle amilies wat vannag koud moet slaap
28	29	30	Toekoms van 'n Jongmens	Vaders	Vriende	Seun/Dogter
Bid vir ouers wat werklik sal tyd maak vir hulle kinders	Bid vandag vir die ouers van kinders met spesiale behoeftes wat somtyds voel of hulle kan moed opgee	Bid dat kinders wat afgedwaal het en vervreemd geraak het weer die pad huis toe en na God toe sal vind	Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staatmaak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop—Spreuke 3:5-6 Gebed: Vader, waar ek hier op die drumpel van die res van my lewe staan, lê die toekoms wyd en leeg voor my. Ek bid vir my toekomstige man/vrou, my loopbaan en 'n magdom ander besonderhede waarvan die meeste nog onduidelik is. Vader beskerm my teen beide vrees en trots en lei my in U groot wysheid op die regte pad. Amen	En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil—Efesiërs 6:4 Gebed: Hemelse Vader, seën my man in sy rol as aardse vader en geestelike leier in ons huis. Help hom om ons kinders te leer wat is reg, met liefde teenoor hulle op te tree, geduldig met hulle te wees en hulle in wysheid te dissiplineer.	Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer.–Spreuke 18:24 Gebed: Vandag vier ek my vriende: wyse vriende by wie ek goeie advise kry; lojale vriende op wie ek kan staatmaak in moeilike tye; vriende wat my genoeg life het om die waarheid te praat en vriende wat deur God gebruik word om my te vorm, want yster slyp yster. Dankie Vader vir elkeen van hierdie broers en susters in my lewe.	Om hierdie seun het ek gebid, en die Here het aan my gegee wat ek van Hom afgesmeek het.–1 Samuel 1:27 Gebed: Vader, soos Hannah, gee ek my kind vandag aan U terug. Bewaar hom/haar teen die bose en help hom/haar om van jongs af die regte keuses te maak. Mag almal hom/haar eendag ken as 'n persoon van karakter en integriteit—diensbaar in u koninkryk.